# BERGenBAAI

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

TWEEDE UITGAWE SEPTEMBER 2010



LEES OOK

JAO - Fees *Bladsye 8 & 9*

Waarom `n selgroep - *Bladsy 10*


# ALPHA – Jy's genooi vir ete!

Reeds in die laat 1970's is die Alpha kursus die eerste keer by Holy Trinity Brompton gemeente in sentraal London aangebied. Aanvanklik was dit gebruik om Christelike beginsels aan jong Christene te verduidelik. In 1990 het Nicky Gumbel die aanbied van die kursus oorgeneem, en besef dat die kursus ook by nie-Christene aanklank kan vind.

Hierna het die kursus teen 'n ongelooflike tempo versprei, eers in Brittanje, maar ook verder oor die wêreld waar heelwat kerke gevind het dit is 'n waardevolle hulpmiddel om op 'n gemaklike en informele manier gesprekke rondom die Christelike geloof en beginsels te voer. Tans word sowat 33 500 kursusse in 163 lande aangebied en meer as 13 miljoen mense het reeds die kursus bygewoon.

*The Guardian* in London merk op: "What Alpha offers, and what is attracting thousands of people, is permission, rare in secular culture, to discuss the big questions - life and death and their meaning."

*The Times*, ook in London, sê: "What distinguishes Alpha from other initiatives is the easy-going, relaxed feel of the proceedings - that, and its astonishing success." In Suid-Afrika het reeds meer as 400 000 mense die kursus bygewoon.

***(Vervolg op bl. 4)***



## ANDER Sê...

Every time we love, every time we give, it's Christmas. -

**Dale Evans**

Dis makliker om die gemeente lief te hê as jou buurman, en die hele menslike geslag as jou vrou se familie. - **C.J. Langenhoven**

## OM TE STAAK OF NIE TE STAAK NIE

### - BRAAM HANEKOM

Die nasionale stakings was die afgelope tyd erg in die nuus en ook nie sonder rede nie. Dit raak mense se lewens baie direk. In sommige gevalle het dit selfs mense hul lewe gekos. Die vraag wat dikwels onder Christene gevra word, is hoe 'n mens as gelowige oor die saak moet dink. Laat ons dadelik sê, die saak is kompleks en wie nie die kompleksiteit wil of kan verstaan nie gaan sukkel om by 'n helder verantwoordbare standpunt uit te kom. Kortliks 'n paar kort kantaantekeninge wat dalk rigting aan die gesprek mag gee.

Binne die Christelike etiek laat ons ons altyd, ook wat spesifieke sake aanbetref, lei deur groter beginsels. Kom ons kyk na 'n paar sulke beginsels wat dalk hier mag geld.

- Geregtigheid en billikheid. Die uitbuiting van mense kan nooit die norm wees nie.
- Balans en ewewig. Waar daar wanbalanse in die natuur of samelewing bestaan, moet dit reggestel word.
- Respek vir lewe en ander se mening en besittings.
- `n Toewyding aan en bereidheid om 'n saak wat groter is as jyself, te dien.
- Eerlikheid en deursigtigheid.

***(Vervolg op bl. 2.)***

## NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

**Ek is tans in my Stiltetyd besig met Josua en loop my hier in die vyftiende en sestiende hoofstukke vas in die verdeling van die grondgebied soos deur Moses van God ontvang. En wat `n vervelende stuk geskiedenis! Die stam kry daardie stuk grond wat tussen hierdie en daardie grense lê. En die volgende stam en die volgende en … Sal ek dit nie maar stilweg oorslaan nie, wonder ek. Wie sal weet... Ek sal, dink ek. Dink nog, sê ek. En dit tref my toe dat hulle ontvang het wat God hulle belowe het, afgegrens, sekuur, veilig en seker. Soos my deel vandag aan my toegedeel is.**

**`n Mens kan na `n grens op twee maniere kyk, as `n inperking of as `n bevrydende beveiliging. Dis soos reëls, nie waar nie. Die Tien Gebooie is seker die beste voorbeeld. Dis al vergelyk met die kat-ogies op `n pad wat in die donker verlig wanneer my motorligte daarop skyn en dit help my om binne die baan te bly. Daar is beweegruimte binne die baan wat afgemerk is, maar ek weet ook dat ek in die moeilikheid kan beland as ek buite die afgemerkte baan beweeg.**

**Dit skep sekerheid; dit gee sekuriteit. En Josua en sy klomp stamme wat moes huis en grond kry, lyk toe nie meer so droog en dor en vervelend nie.**

**pieter**

***OM TE STAAK … (Vervolg van bl. 1)***

Ek weet nie of dit help nie, maar ek moet sê dat ek lanklaas soveel simpatie en ongemak, met beide kante van 'n saak gehad het. 'n Paar vrae hou my besig.

- Waarom het die staat nie beter beplan nie?
- Moet alle staatsdiensamptenare oor dieselfde kam geskeer word? My hart gaan uit na verpleegsters en onderwysers. Moes hulle nie al lankal beter vergoed gewees het nie?
- Natuurlik is die geweld onaanvaarbaar. Met watter agenda werk die vakbondleiers?
- Hoe gaan ons die gaping tussen salarisse in die land verminder?

Peter Drucker het jare gelede gesê dat die baas nooit meer as 20 keer die salaris van die gewone werker mag kry nie. Vandag is die syfer in groot maatskappye nader aan 300 keer die van die gewone werker... en ek weet dit is kompleks! Wat ek wel weet, is dat ons te min vir ons land bid. As ons dit nie doen nie, gaan daar dalk 'n dag kom waar ons sal sê die sokker WB was inderdaad maar net die oog van die storm.

*(Dr. Braam Hanekom is moderator van die NGK Sinode van Wes- en Suid-Kaapland.)*



Ds. Cassie Carstens, leraar van die Ned. Geref. Gemeente Vredelust, maak oor stakings die volgende opmerkings...

Met **staking** kom die volgende vir my op my radar:

- Aan die een kant die gesindheid van die werkgewer soos in Job 31:31 waar die werkgewer met oortuiging sê dat sy werknemers nooit te min gekry het nie.
- Aan die ander kant die gesindheid van die werknemer soos in 1 Pet 2:18 waar die werknemer bereid is om onredelikheid van sy werkgewer te verduur.

Ons het twee groot probleme in die SA samelewing:

Die ingesteldheid van 'ek verdien' (entitlement) waar elkeen so staatmaak op sy 'eie regte' dat daar nie goeie objektiewe onderhandeling-soeke na 'n 'third alternative' (Covey) is nie;

Die gierige gees van gou en maklik ryk word deur die top manne/vroue, wat die verdeling van rykdom baie moeilik maak.

Ek dink dus dat elkeen (werkgewer en werknemer) eers in sy eie hart moet kyk en sy eie gesindheid moet bevraagteken. Tweedens, dat daar dan om die tafel gesit moet word in die soeke na die 'derde alternatief'. Ons moet baie lank dink voor ons staak, want die afstand wat daarin tussen partye geskep word en die 'entitlement'- neerslag in die hart is meer vernietigend as die wins wat enige party uit die geveg gaan kry.

As daar na die bogenoemde voorgeskrewe proses 'n 'onredelike verhardheid van hart' by die werkgewer is, dan bly staking (as passiewe weerstand) 'n laaste opsie met die intensie om weer na die tafel terug te keer.

Wens so dit was nie nodig nie! Wens so vakbonde met eie politieke agendas was nie betrokke nie! Wens so ons kon luister, verstaan en leer om te deel!

Forum

# Hoe gaan dit tans met dié deel van die gemeente in Houtbaai, geestelik en andersins?

**- ds. Gerhard Pietersen**

Jesus is besig om Sy kerk radikaal te verander, meer verhoudingsgedrewe te maak, minder struktuur, meer spontane lewe, minder strategie, meer gebed, minder ego's, meer diensknegte.

Grense oorsteek, was die hooftema van Constantia-Houtbaai se kerkraadsgesprek. Daar is generasiegrense, kerkgrense, kultuurgrense en spiritualiteitsgrense, en persoonlike gemaksones. Die grens van jou kop na jou hart en andersom ook.

Hoe dan anders? Ons Here is by uitstek 'n grensoorsteker. Watter nut het dit dat jy net liefhet diegene wat soos jy is? Water nut het dit dat ons geslote bly vir nuwe moontlikhede? Watter nut het dit om *nie* 'n kopskuif te maak nie? Laat Jesus ons uitdaging word en dan sal ons beweeg soos Hy dit wil!

Gemeenskap gaan oor Jesus wat mense bymekaar bring om Sy teenwoordigheid te *"celebrate." En dis belangrik om nie net die grens oor te steek nie, maar die nuwe lewe wat dit meebring aanhou te leef, deel te wees daarvan, nader te nooi om hierin te deel en aanhoudend verras te word deur die Gees van Christus.*

## Houtbaai

Verlede jaar was 'n jaar van baie struweling, verwarring, konflik en onderlinge verdeeldheid. In daardie opsig het dit baie verbeter. Vanjaar is daardie *"vassuig-in-die-modder-situasie"* besig om plek te maak vir die akkommodering van mekaar se identiteit en diversiteit. Lidmate verwys hierna as 'n *kraam*proses wat 'n nuwe babatjie voortbring en die leraar is die vroedvrou. Leierskap luister na lidmate en mense leer om na mekaar en na God te luister. Ons beweeg nader na mekaar toe. Die insig waaruit ons gegroei het, is dat daar meer eenheid is in pyn, as in voorspoed. Ons het geleer ons kan nou antwoorde by die Here soek en ons het meer vrymoedigheid om bymekaar te bly. *Preekreekse soos Celebrate Recovery en Radikale Jesus (vanuit Lukas 10),* oop forums, oop gesprekke, die klem daarop om eg en eerlik en openhartig na mekaar te luister, aanmoediging van deelname en om eerstens God se stem voorop te plaas, en mense wat skielik deur 'n erge krisis gaan, het ons bymekaar uitgebring. Daar is eenheid in pyn. Nuwe mense, veral die Engelse gesinne, kom in met nuwe idees en dit bring nuwe uitdagings. Ook gesinne vanuit die hawegemeenskap vind 'n tuiste hier en dit maak ons opgewonde oor waarmee die Here besig is.

Daar is heelwat insiatiewe van lidmate wat eenvoudig grense oorsteek en op die onmoontlikste plekke hoop bring:

'n Opwindende mobiele sopkombuis onder haweloses;

eredienste met 50% Engelse liedere en preeknotas in Afrikaans en Engels;

kinderbediening op 'n tweemaandelikse basis in Imizamu Yethu;

"Matheus partytjies" waar mense wat aan geen kerk behoort nie genooi word om saam te kuier rondom 'n rugby-braai;

Bethesda-bediening onder die gestremdes in die Hawegemeenskap;

Biblia-hawesending wat weer momentum kry in Houtbaai;

die Alpha Kursus wat 'n sterk multi-kulturele karakter het;

die Jeugbediening wat hande vat met ander kerke in die omgewing;

asook 'n onlangse gebedstap en mobilisering van lidmate, met ander gemeentes in die Hawe teen dwelmhuise en sosiale misdaad; en

die verkiesing van 'n nuwe Engelssprekende lidmaat in die kerkraad.

Ons wil dit sien as 'n beweging van die Heilige Gees wat die gemeente voortdurend kom verskuif en vernuwe. Ons kan ook sien dat verskeie mense geroep is vir spesifieke mense en plekke wat die Here op hul harte druk en ons wil dit verder aanmoedig.

Die gevoel is dat die gemeentelede begin stilsit het aan Jesus se voete en begin luister het na Sy stem, en dat ons vandaar nou wil beweeg om sy hande en voete te wees in Houtbaai.

Stuur ons Here, stuur ons Here, stuur ons in U naam!

**ALPHA** *(Van bl. 1)*

In die vierde kwartaal van hierdie jaar word oor die hele Kaapstad 'n gekoördineerde poging aangewend om soveel moontlik mense die kans te gee om die kursus by te woon. Dit word genoem die '**Alpha Invitation – inviting the city to dinner'** en gemeentes van alle denominasies neem hieraan deel.

Elke Alpha aand bestaan uit 'n ligte aandete, 'n inleidende praatjie per DVD deur Nicky Gumbel, `n koffiepouse en dan 'n kleingoep-bespreking. Alhoewel die DVD's in Engels is, bied ons hierdie jaar die kleingroepbesprekings in beide Afrikaans en Engels aan.

Onderwerpe wat bespreek word, sluit in: *Wie is Jesus? Hoe kan ek van my geloof seker wees? Waarom en hoe moet ek Bybellees? Waarom en hoe bid mens? Wie is die Heilige Gees, wat doen Hy en hoe kan ek met Hom vervul word? Genees God vandag nog? Hoe kan ek die bose weerstaan?*

Hierdie is die ideale geleentheid om self meer te leer oor die Christelike geloof, vrae te vra, maar ook om vriende uit te nooi om saam met jou die kursus by te woon. Dit kan net dalk iemand se lewe verander!

In Constantia begin die kursus op 21 September om 18h30 en daarna elke Dinsdagaand vanaf 05 Okt tot 30 Nov 2010. Daar is ook 'n naweek waartydens ons die onderwerpe rondom die Heilige Gees bespreek.

**A** Almal welkom! Enigeen wat meer wil uitvind oor die Christelike geloof, word uitgenooi.

**L** Leer en Lag: Ons leer meer oor die Christelike geloof in 'n gemaklike atmosfeer, dikwels met 'n goeie skeut humor daarby!

**P** Pasta: deur saam te eet, word vriendskappe gebou.

**H** Help mekaar: in die kleingroepe help deelnemers mekaar om groter duidelikheid te kry oor sake wat in die praatjies geopper is.

**A** Antwoord benodig? Vra gerus enigiets! In Alpha word geen vraag as te eenvoudig of vyandig beskou nie.

**Skryf dadelik in by die kerkkantoor**

## HOUTBAAI NOODLENIGING

**10,000!**

**Houtbaai Noodleniging** het Vrydag-aand, 30 Julie, 'n fondsinsamelings – aand gehou vir 'n kinderhuis in Hout-baai - James House. Ons het by baie van die plaaslike besighede - veral rest-aurante - pryse (ete geskenkbewyse) gekry wat ons opgeveil het. Daar was sowat 80 gaste vir wie lekker tuisge-maakte sop en brood bedien is. Eddie Andrews (oud- Springbok rugbyspeler) was ons spreker, en ons kon na die einde van die aand vir James House R10,000.00 gee om aan te wend soos hulle goed dink.



**Ds. Theron** staan hier by die leerlinge van die Kaapse Akademie wat hy vanjaar vir die aflegging van die Belydenis van hulle geloof voorberei. Hulle name, met die plek waar hulle vandaan kom tussen hakies, is

**Agter:** Corbin Feris (Darling); Wilmeth Engelbrecht (Gouda) en ds. Uys Theron.

**Voor:** Jonathan Hoffman (Vredendal); Stephanie Cloete (Doornbaai); Adrienne Engelbrecht (Porterville).

Ds. Theron en die groep ontmoet mekaar elke Woensdagmiddag by die skool. Verlede jaar was daar twee katkisante.

Die ***Kaapse Akademie vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie*** is in Firgroveweg geleë. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het die akademie gestig om die aantal matrikulante wat Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie op die hoër graad neem, veral die uit be-nadeelde gemeenskappe, te verhoog.



# Om die Bybel te lees

Baie is al geskryf en gesê oor Bybel lees. Ons het `n paar uitgesoek.

- The Bible is no mere book, but a Living Creature, with a power that conquers all that oppose it. - ***Napoleon***
- I am going to put the Bible out of business. - ***Robert Ingersoll***

  (Hy sterf op 21 Julie 1899… Red.)
- Voltaire het voorspel dat daar binne 50 jaar geen Bybel op aarde sou wees nie; sy huis is nou `n verspreidingsentrum vir die Bybel in baie tale. - ***Corrie ten Boom***
- When you read God`s Word, you must constantly be saying to yourself, "It is talking to me, about me." - ***Soren Kierkegaard***

RINGSITTING

12 tot 14 September 2010

in

Plumstead-Gemeente

## CONSTANTIA WYKSRAAD

Die Kerkraad het kennis geneem dat die Constantia-deel van die gemeente aangesluit het by die inisiatief van `n groot groep gemeentes om die ALPHA KURSUS aan te bied. (Lees elders meer hieroor.)

**Noodleniging** aan hierdie kant soek na `n leier.

Daar is op 18 Julie `n luistersessie aangebied vir Wyksraadslede, hulle eggenotes en belangstellende gemeentelede. Die dalende lidmaattal is `n bron tot kommer en baie

## HOUTBAAI - WYKSRAAD

**Cathleen Seiss** is permanent as koster aangestel. Sy sal ook gebruik word om telefoniese opvolgwerk te doen om die databasis op te dateer.
Daar word ook kennis geneem van ds. Gerhard Pietersen se kursus vir selle met die titel, "Die vrou by die Put". Dis gemik op die herstel van verhoudings.

`n Opname wat onder die gemeentelede in Houtbaai gedoen is, het aangetoon dat hartspiritualiteit baie sterk aanwesig is. Sang en musiek is baie belangrik en kontemporêre Afrikaanse musiek word verkies.

Daar is tans 35 ingeskrewe kinders aan die Houtbaai kant en hulle aandag moet gehou word. Meer gereelde Jeugdienste sal hierin help.



**Johan Blaauw**, `n gebore Namibiër, skryf dat hy op `n Sondag, half teen sy patroon in, koers gekry het na die kerkgebou in Constantia. Sy kleredrag was effens informeel, het hy gedink, en hy het so half en half verwag dat iemand daaroor onaangenaam sou wees. Groot was sy verbasing toe hy vriendelik verwelkom is en so tuis gevoel het dat hy keer op keer teruggekeer het. Hy skryf dat hy eintlik van homself `n banneling gemaak het deur sy gerieflike lewenstyl, maar dat daardie bannelingskap opgehef kan word deur die samesyn met mede-gelowiges. Hy sluit: "As ek vandag Dorothy se twee rooi skoentjies kon aantrek, my hakke teen mekaar kon klik en dan sou wens dat ek kon huis toe gaan, waarheen sou hulle my neem? Net dalk is dit 'n groot wit kerk hier in die pad op: Daar waar my taal gepraat word, daar voel ek my tuis."

*(Dis so goed dat gemeentelede nuwelinge laat tuis voel; dis gemeente wees.—Red.)*



## TUINMARK

**Grieta Muller** en **Ingrid de Klerk**, twee ywerige lidmate van Constantia, het begin met die organisering van 'n Tuinmark op die kerkterrein. Enigiemand kan 'n tafel huur en sy/haar ware daar uitstal en verkoop. Daar is ook iets te ete en drinke beskikbaar. Dit vind elke tweede maand op 'n Saterdagoggend vanaf 10 tot 1 plaas. Die volgende datum is 2 Oktober. Daar word ook nog voor Kersfees 'n Kersmark beplan. As u wil deelneem of meer besonderhede verlang, kan u vir **Grieta** by **0731342085** skakel.



## TALENTAAND

'n Talentaand vind op Saterdag, 18 September, te Constantia plaas. Skryf sonder versuim by **Rina de Waal** in as jy wil deelneem (083 475 2623). Verlede jaar se funksie het ons monde laat ophang en ons het mekaar sommer baie beter leer ken!

Twee seuntjies stap na kerk huis toe waarop die een vir die ander vra: " Die duiwel-ding waarvan die dominee praat. Wat verstaan jy daarvan?"

"Ag, jong, dis seker soos kersvader. Een van die dae sal jy uitvind dis maar net jou pa.

## FINANSIES

GOEIE NUUS !



Die gemeente se finansies lyk volgens die finansspan aansienlik beter as verlede jaar hierdie tyd toe ons groot probleme gehad het. Dit is grootliks te danke aan die Teddiebeerfees wat vanjaar baie geslaagd was. Die kerkraad sal nietemin nog baie finansiële dissipline aan die dag moet lê en lidmate word versoek om voort te gaan om getrou hul dankoffers aan die Here te gee. Ons vertrou die Here ook vir 'n goeie Lofofferinsameling waarvoor ons vanjaar R80 000 begroot het. Dit vind plaas op die laaste Sondag van Oktober en val saam met die jaarlikse Kinderdankoffer. Om by te dra tot die feestelikheid van die naweek, word daar in Constantia 'n heerlike gesellige gemeente-ete beplan!

## These sentences actually appeared in church bulletins or were announced in church services:

- Bertha Belch, a missionary from Africa, will be speaking tonight at Calvary Methodist. Come hear Bertha Belch all the way from Africa.
- Miss Charlene Mason sang "I will not pass this way again," giving obvious pleasure to the congregation.
- Next Thursday there will be tryouts for the choir. They need all the help they can get.
- The ladies of the Church have cast off clothing of every kind. They may be seen in the basement on Friday afternoon.
- Low Self Esteem Support Group will meet Thursday at 7 PM. Please use the back door.

# jeug



## Zout maak hul debuut

Zout (Jeug Band van Constantia) het op 21 Augustus deelgeneem aanHoërskool Zwaanswyk se Talentaand. Met professionele klank en ligte was dit 'n debuut vir hierdie groep. Op Vrydag, 3 September, het hulle die mense vermaak op die FoodFair by Zwaanswyk Akademie. Die groepie werk baie hard en die spangees is ongelooflik. Die lede van die groep is Stephni Borchardt (leidster), Edward en Alexander Thomson, Marlet de Waal en Johan du Toit. Hulle benodig nog 'n klawerbordspeler. Belangstellendes kan Rina skakel. Haar selnommer is 083 475 2623.

**Uitnodiging:** Die Jeug besoek DV Sondag 19 September 2010 die Gemeente vir die Dowes (De la Bat) in Bellville. Ons vertrek om 08:45 na die gemeente. Gemeentelede is welkom om saam te gaan. Kontak Rina om jou plek te bespreek. Ons vra ook vir voorbidding vir ons besoek.

**Hoe om 'n dowe persoon se aandag te trek**

- Tik liggies op die skouer om sy/haar aandag te trek.
- Waai in die lug om oogkontak te maak, indien buite bereik.



## Muntlegging ten bate van die Dowes

**Daar is so baie dinge waarvoor ons dankbaar kan wees, een daarvan is beslis ons gehoor. Hoe sal dit voel om nie die voëltjies se getjirp in die oggende te hoor nie? Nie hoor hoe iemand jou naam sê of jou roep nie? Net doodse stilte...**

**Daar is meer as 400 000 dowes in Suid-Afrika. Daar is ses gemeentes waarvan vier Ned Geref gemeentes is. Omdat dowes minder verdien as die gewone man in die straat is hierdie kerke baie afhanklik van gemeentes wat hulle ondersteun.**



**Die jeug se projek vir 2010 is om geld in te samel vir die Dowes. Op Sondag 29 Augustus het hulle 'n muntlegging in die kerksaal gehou. 'n Bedrag van R688.55 is ingesamel. Dankie aan elkeen wat 'n bydra gegee het.**

**Rina de Waal**

# JAO Getuienisfees 2010

Die Getuienisfees behoort aan die verlede. Soos ons Voorsitter gesê het: "Nou leef net die Getuienis voort". As JAO-span is ons dankbaar dat die Here se seën gerus het op hierdie mooi poging om die koninkryk van God uit te brei.

Met die uitreike het dit baie goed gegaan en die terugvoering wat ons kry, is baie positief. Ons wag nog vir Houtbaai se GBO dan sal ons terugvoering kan gee oor hoeveel ons gaan saai in die jaar wat voorlê.

By DP Marais-Hospitaal was die gemeente baie bedrywig die Saterdagoggend. Kobus Jordaan en Jeff Fowler het wors gebraai, en die studente van die Bybelskool het fluks gewerk om al die pasiënte te bedien met 'n worsbroodjie, koeldrank en lekkers. Louis Bosch het 'n boodskap gebring oor die Smal en Breë weg. Gideon Roos het ook gehelp en ons kon Bybels uitdeel. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het.

Die ander uitreike was baie positief. Ons dink veral aan die uitreik met Straatwerk. 'n Jong dame het die aand met die fees-ete gretig vir almal vertel hoe sy daardie uitreik beleef en geniet het. Daar was die uitreik na die Houtbaai-hawe en Biblia Kiosk. Baie van hierdie uitreike het ook gegaan rondom verhoudings bou. Iemand het 'n baie mooi trofee gemaak vir die uitreike. Dit sal nou vier maande in Constantia staan, dan vier maande in Houtbaai en vier maande by die Biblia Kiosk. Die uitreik te Imizamu Yethu was ewe opwindend. Die Span bedank elkeen wat hard saamgewerk het vir enigiets wat u gedoen het om van die naweek `n sukses te maak.

Die Fees-ete was uit die boeke uit en die hele geleentheid was `n Saterdagaand om te onthou. Almal wat dit bygewoon het, kan getuig van 'n mooi aand, 'n heerlike ete en mooi musiek deur George van Straten op die kitaar. George is `n dosent by die Bybelskool. Van ons sendelinge was teenwoordig en dit het 'n spesiale kleur aan die aand gegee.

Ds. Richard Verreynne, en sy vrou Louise, was die Saterdag-aand teenwoordig en het toe begin met sy eerste sessie vir ons 2010-Fees. Hy het dit opgevolg met die eredienste Sondag met die onderwerp

'*My huis 'n Sendingstasie*'. (Sien bl. 9.)

Baie dankie aan elkeen wat 'n deel van u inkomste aan sending gee, sodat Sy koninkryk uitgebrei kan word.

*Hester Myburgh*



**KYK HIER**



Carlien en Seelan Govender



Helpers in die kryt...



Kobus Jordaan en Johan Fowler wat weet van braai en braai...



Gideon Roos en gaste



Pasiënte van DP Marais-hospitaal



Rika van Zyl en gaste



Theunis de Ridder saam met ds. Gerhard Pietersen

# My Huis 'n Sendingstasie

- ds Richard Verreyne

**Lees 3 Joh. 1 - 8**

"Van die oudste. Aan Gaius, my vriend, wat ek waarlik liefhet. Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan. Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van jou trou aan die waarheid vertel, hoe jy in die waarheid lewe. Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat my kinders in die waarheid lewe. Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie. Hulle het hier voor die gemeente vertel van jou liefde. Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse wat God waardig is, want hulle is op reis om Christus te verkondig en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus ons plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

## Wat doen Gaius vir hulle?

- Hy betoon LIEFDE aan hulle.
- Hy betoon Gasvryheid.
- Hy help hulle letterlik voort.
- Hy doen dit "op 'n wyse wat God waardig is".
- Hy het 'n medewerker vir "die waarheid" geword.

## Wat sê die Here vir JOU?

- **Gaan uit** jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis na die land wat Ek jou sal wys. **Genesis 12:1**
- **Gaan terug** na jou huis en vertel watter groot dinge God aan jou gedoen het. **Lukas 8:39**

**Wees vindingryk** - Skep jou eie sendingstasie tuis deur `n kaart te maak van die plekke waar sendelinge werk en bid vir hulle by name.

**Bid** - Soos ene mev. Clapp vir `n seun gebid het wat nou aan die hoof staan van `n groot sendingaksie. (Hy antwoord graag dat sy dit gedoen het sonder om sy toestemming te vra!)

**Betoon gasvryheid** - Daardeur het mense al engele gehuisves.

**Verleen pastorale versorging** - Gaan na diegene wat nood het en vertroos hulle.

## Die naam is Jaco Leeuwner

Jaco is tans **Biblia** se voltydse geestelike werker en sendeling. Jaco het 'n agtergrond in Arbeidsreg en die Bankwese as projekontwikkelaar. In 2000 het hy by OM aangesluit en werk hy op die Doulosskip as personeelbestuurder. Nadat hy vir sowat 7 jaar in verskeie lande vir OM diens gedoen het, het hy begin belangstel om sendinguitreike in kleiner hawens te doen. Vir die afgelope 2 jaar het hy by die Kalkbaai- hawe 'n kiosk begin bestuur waar hy o.a. onderrig in dissipelskap doen. Hy werk ook in Vishoek en Simonstad. Aan die begin van hierdie jaar het Biblia vir Jaco genader om ook Biblia se kiosk in Houtbaai te bestuur. Jaco het die kiosk in 'n halwe blyplek en studeerkamer-kantoor ingerig, maar daar is geen stort nie en die ideaal is dat hy 'n anker gemeente in Houtbaai-gemeente kan vind. Sy visie is om soveel kerke as moontlik in 'n netwerk te kan betrek en om van die Biblia kiosk 'n uitreik koffiewinkeltjie te maak waar die vissersgemeenskap geestelike voedsel kan vind, films vertoon word en Bybels versprei kan word.

## ADRESSE

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,
KREUPELBOSCH, 7945
Telefoon/Faks (Kerkkantoor):
021–712 1682
E-pos: ngconstantia@xsinet.co.za

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai
webmaster@houtbaaigemeente.co.za

Webwerf addresse :
Constantia - http://ngkconstantia.za.net
Houtbaai - www.houtbaaigemeente.co.za

# Hoekom 'n Selgroep?

*Shani Vavruch*

Ek gaan alreeds kerk toe, is dit nie genoeg nie?

Wat antwoord `n mens hierop? Miskien, dat om deel te wees van 'n kleingroep (selgroep of Bybelstudiegroep) 'n mens 'n geleentheid gee om saam met ander in die voetspore van Jesus te volg. Jesus se woorde in Matteus 22:36-40 beskryf vir ons die basis waarop God Sy kerk bou, naamlik verhoudings.

"Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" *Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."*

Ons verhouding tot God, in die eerste plek en in die tweede, nie minder belangrik nie, ons verhouding tot ons medemens, dit is waarop God ons vra om te fokus. Veral in die Nuwe Testament is hierdie fokus op verhoudings baie duidelik wanneer mens oplet hoeveel keer daarna verwys word.

Ons word beveel om, onder andere:

mekaar lief te hê (Johannes 13:34, 35 en by herhaling weer); hartlike broederliefde te betoon teenoor mekaar (Romeine 12:10); eerbied te bewys teenoor mekaar, en daarin 'n voorbeeld te stel (Romeine 12:10); mekaar op te bou (Romeine 14:19); eensgesind te wees onder mekaar (Romeine 15:5); mekaar te aanvaar (Romeine 15:7); om te gee vir mekaar (1 Korinthiërs12:25); mekaar in liefde te dien (Galasiërs 5:13); mekaar se laste te dra (Galasiërs 6:2); mekaar te vergewe (Efesiërs 4:2, Kolossense 3:13); mekaar in liefde te verdra (Efesiërs 4:2, Kolossense 3:13); ander beter te ag as jouself (Filippense 2:3); na ander se belange om te sien (Filippense 2:4); mekaar te vertroos (1 Tessalonisense 4:18); mekaar moed in te praat en te versterk (1 Tessalonisense 5:11). Dit is maar net 'n deel van die Skrifgedeeltes wat mens hieroor kan aanhaal.

Binne 'n kleingroep (selgroep of Bybelstudiegroep) kom hierdie eise werklik tot reg. Daar het ons geleentheid om so op te tree teenoor ander, meermale, en het ons ook die ervaring dat ander ons so hanteer. Ons aanvaar en word deur ander aanvaar. Ons kan vir ander bid en intree met hulp en raad en hulle vir ons.

Maar 'n kleingroep stel nie net die raamwerk daar waarbinne ons mekaar bedien nie, dit is ook die plek waar ons kan groei in kennis, geloof, in diensbaarheid, in gawes. Dit is een van die grootste probleme in vandag se wêreld dat mense voel hulle hoort nêrens nie, en dit laat mense baie alleen voel. Maar 'n selgroep is 'n ruimte waarbinne ons geloofsekerheid én aanvaarding kan vind.

Want so word daar ook van ons verwag, dat ons sal:

groei in diens aan ander (Matteus 23:11); kyk daarna om mekaar op die regte weg te help (Romeine 15:14); verander om aan die beeld van Christus gelyk te word (2 Korinthiërs 3:18); groei in die vrugte van die Gees ( Galasiërs 5:22-23); groei in onselfsugtigheid (Filippense 2:4); groei daarin om ander te bedien met ons gawes (1 Petrus 4:10); groei daarin om ons geloof te verryk (2 Petrus 1:5) en hierin moet ons mekaar aanspoor (Hebreërs 3:13).

Natuurlik, om Sondae kerk toe te kom, stiltetyd te hou en jou tiende in te bring is alles deel van wat van ons verwag word, maar dis in 'n kleingroep waar mens 'n veilige hawe kan vind en weet dat jy saam met ander die avontuur om Christus na te volg, leef.

Kleingroepe kom eenmaal per week bymekaar om saam Bybelstudie te doen, saam te bid en saam te deel en mekaar te ondersteun. Groepe identifiseer ook projekte waaby hulle betrokke wil raak om uit te reik na ander.

Tree in verbinding met **Cees Luijk** 021 712 3150 of **ds. Uys Theron** 021 712 2850 of **ds. Gerhard Pietersen** (aan die Houtbaai-kant) by 084 317 8993 om meer uit te vind oor ons selgroepe en waar jy kan inskakel.

## Langasem Christene

**Jo Hofmeyr** het na 25 jaar besluit om die tuig neer te lê as kategeet. `n Kwarteeu! Dit herinner aan iemand wat gesê het: " Die Here het langasem christene nodig." Baie dankie vir jou voorbeeld en bydrae deur al die jare. Dit sê vir ons iets van jou liefde vir kinders en vir die Here.